


bou nie. Jy kan nie klein bou nie. As jy 'n teater van hierdie omvang bou, moet jy probeer om 'n ander wêreld te skep. Die teaterganger soek iets anders as die alledaagse; sy foyer moet byvoorbeeld meer atmosfeer hê as die foyer van die moontlik indrukwekkende gebou waarin hy daagliks werk. Die soort ander wêreld van die teater kan nie op 'n suinige manier geskep word nie . . .'

Om 'n volledige antwoord te kry oor die beplanning en die kwessie van besteding aan die Staatsteater Pretoria, moet 'n mens eintlik die storie by sy begin gaan haal — in 1963. Die eertydse Nasionale Toneelorganisasie is in dié jaar vervang deur die vier provinsiale uitvoerende kunsterade, gesubsidieerde liggame wat moes omsien na die behoeftes van die publiek ten opsigte van die professionele aanbieding van toneel, opera, musiek en ballet.

Wyle mnr. Fox Odendaal was toe Administrateur van Transvaal en het ook die eerste voorsitter van die Transvaalse Raad vir die Uitvoerende Kunste geword. Onder sy leiding is daar van meet af aandag bestee aan die behoefte aan teaters. Veral aan plekke waar opera- en ballet-uitvoerings aangebied kon word, want in Pretoria was daar darem die Nasionale Teater (tans die Breytenbach) en in Johannesburg die Reps en enkele ander waar toneelstukke tog opgevoer kon word.

Aanvanklik is daar gedink aan twee operageboue, een elk vir Johannesburg en Pretoria. In Johannesburg is etlike persele oorweeg en uiteindelik is daar beplan vir 'n operahuis wat sou inpas by die milieu van die Randse Afrikaanse Universiteit in Aucklandpark.

In Pretoria is daar in die eerste plek oorweging geskenk aan die moontlikheid om die ou Capitolteater, die eiendom van die Provinsie, te omskep in 'n operagebou met 2 000 sitplekke. Algou het dit geblyk dat dit prakties onmoontlik sou wees om die pragtige ou bioskoop weer te laat lewe; die blote basiese fasiliteite vir 'n moderne skouburg sou nie op die beperkte erf voorsien kon word nie.

Mnr. Odendaal se geesdrif kon egter nie geblus word nie, al was die Provinsiale owerheid nie te vind om enige 'nuwe' grond aan te koop vir die ontwikkeling van 'n opera- en/of teaterkompleks nie.

'n Oplossing het egter binne grypafstand gekom toe daar in die midde sestiger jare planne gefinaliseer is om 'n monument op te rig vir wyle adv. J.G. Strijdom. Die terrein wat daarvoor gekies is, was langsaan die ou markgebou en daar was reeds planne om dié te sloop; 'n nuwe ondergrondse parkeergarage met tuine op die straatvlak sou hier gebou word.

Dit is 'n interessante maar lang en ingewikkelde storie oor hoe die Administrateur uiteindelik die Markplein in sy geheel as die eiendom van die Administrasie verkry het, hoe hy die pandreg van 90 jaar uit die dae van pres. Kruger by 'n paar winkeliers en venters uitgekoop het, en hoe hy een hoek van die plein aan Volkskas vir die oprigting van sy prestigegebou verkoop het teen 'n prys wat die koste van die res van die plein vir die Administrasie geewenaar het.

Daar is in 1964 voortgegaan met die daadwerklike beplanning vir die Johannesburgse en Pretoriase sentrums. Argitekspanne het opdrag gekry om in die buiteland kers te gaan opsteek en om planne voor te lê vir teaterkomplekse wat 'n waardige tuiste sou verleen aan die groeiende uitvoerende kunste van Suid-Afrika, en veral van Transvaal.

Die twee komplekse sou volgens die eerste beraming saam sowat R25 000 000 kos.

Sedertdien het daar baie water in die see geloop. Geldskaarste — resessie, inflasie, die 'monetêre klimaat' — het sy kop uitgesteek en het onmiddellik 'n uitwerking gehad op wat in baie kringe beskou is as onnodige weelderige konsertsaalkastele vir die vermaak van die 'snobs'! Daar is opnuut gedink.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013